# PRODUKSIEFAKTORE:

**Terme:**

**Produksiefaktore:** Word in die produksieproses gebruik om goedere en dienste te produseer.

**Kapitaal:** Verwys na beide geld en die fisiese bates wat met geld gekoop kan word.

**Geleende kapitaal:** Verkry geleende kapitaal deur lenings by instellings (banke en versekeringsmaatskappye) aan te gaan.

**Eie kapitaal:** Word verkry wanneer eienaars hul eie spaargeld gebruik om in 'n besigheid te belê.

**Arbeid:** Verwys na mense of menslike hulpbronne wat hul tyd, inspanning en vaardighede aan 'n besigheid verkoop en die noodsaaklike verstandelike en fisiese werk uitvoer wat nodig is in die vervaardiging van goedere en dienste. Word ook verwys as werknemers.

**Natuurlike hulpbronne:** Is die onverwerkte gawes in die natuur.

**Entrepreneurskap:** Word ook na verwys as organisasievermoë.

**Wet op Arbeidsverhoudinge:** Om te verseker dat maatskappye hul werkers regverdig behandel, het die Suid-Afrikaanse regering 'n aantal arbeidswette ingestel.

**Wet op Basiese Diensvoorwaardes:** Is opgestel om werkers teen uitbuiting en kinderarbeid te beskerm.

**Wet op Diensbillikheid:** Is om te verseker dat die arbeidsmag verteenwoordigend is van die verskillende rassegroepe in Suid-Afrika.

**Wet op Vaardigheidsontwikkeling / Vaardigheidsheffings:** is ingestel om die lae-vlak vaardighede van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag te verbeter ten einde hulle werksvooruitsigte te verbeter.

**Arbeidsmag:** is al die werknemers van 'n besigheid.

## Die 4 Produksiefaktore:

- Natuurlike hulpbronne
- Kapitaal
- Arbeid
- Entrepreneurskap

# 1. <u>Natuurlike hulpbronne:</u>

**Dit is grondstowwe wat in produkte of dienste omskep kan word.**

Kan in 4 hoofkategorieë verdeel word volgens hul bron van herkoms:
- Hout
- Vis
- Grond (landbougrond, fabriek- en sakepersele)
- Minerale hulpbronne (diamante, goud, olie)



Natuurlike hulpbronne kan: in natuurlike vorm gebruik word bv. Vrugte
verwerk word bv. Bome verwerk na meubels

# 2. <u>Kapitaal:</u>

**Verwys na geld en die bates wat met geld gekoop word.**

<u>Eienskappe van bates:</u>
- Hulle word nie vir herverkoop gekoop nie.
- Hulle word in die besigheid gebruik om goedere en dienste te produseer wat verkoop word: om aan kliënte se behoeftes te voldoen & om wins te maak.
- Hierdie bates het 'n lang lewensduur en kan herhaaldelik gebruik word.
- Bv. Eiendom
  Fabrieke
  Masjinerie
  Meubels
  Toerusting
  Voertuie



***a.) <u>Geleende/Vreemde kapitaal:</u>***

**'n Besigheid verkry gewoonlik geleende kapitaal deur lenings by instellings soos banke en versekeringsmaatskappye aan te gaan.**

**Korttermynlenings:** skuld wat binne 'n jaar terug betaal word.
**Langtermynlenings:** skuld wat in langer as 'n jaar terug betaal word.

1. Daar word van die lener verwag om bewys van eienaarskap te lewer van 'n bate, soos masjinerie of 'n gebou, as sekuriteit vir die lening.
2. Rente word deur die lener aan die uitlener betaal.
3. Geleende kapitaal is 'n risiko vir die besigheid

***b.) <u>Eie kapitaal</u>***

**Eie kapitaal word verkry wanneer eienaars hul eie spaargeld gebruik om in 'n besigheid te belê.**

Groter besighede bekom soms kapitaal deur 'n gedeelte, of 'n aandeel, van die maatskappy aan die publiek verkoop. (Hierdie mense word aandeelhouers genoem.)

⇨ Hulle verdien 'n dividend wat hulle deel van die wins is wat deur die besigheid gemaak word.



## 3. <u>Arbeid:</u>

↳ **Arbeid verwys na mense of menslike hulpbronne wat hul tyd, inspanning en vaardighede aan 'n besigheid verkoop en die noodsaaklike verstandelike en fisiese werk uitvoer wat nodig is in die vervaardiging van goedere en dienste.**

1. **Ongeskoolde werkers:** Mense wat geen spesifieke opleiding ontvang het nie, bv. Pakkers, skoonmakers, bodes, ens.

2. **Halfgeskoolde werkers:** Mense wat 'n mate van opleiding ontvang het en in relatief eenvoudige werk aangestel kan word, bv. Drywer, kassier, en petroljoggie, ens.

3. **Geskoolde arbeid:** Mense wat studeer het en kwalifikasie verkry het, bv. Rekenmeester, ingenieurs, tegnici en ambagsmanne, ens.

<u>Rol van die werknemers in die besigheid:</u>

- Sonder werknemers sou 'n besigheid nie in staat wees om kapitaal te gebruik om grondstowwe in klaar en halfklaar goedere en dienste te omskep nie.
- Menslike hulpbronne word daarom as een van die belangrikste hulpbronne beskou.
- Bestuurders moet: 1. regte mense vir elke werk kies
  2. vriendelike werksomgewing skep
  3. werkers goed oplei
  4. regverdig wees
  5. probeer om die werknemers se behoeftes in die werkplek te bevredig – sal hul aanmoedig om goed te werk.

- Wat oor die maatskappy gesê word, hoe hulle in die werkplek optree, hoe gelukkig hul is in hul rolle het impak op:
  - die handelsmerk
  - die beeld
  - die vlakke van dienslewering tevredendheid van die kliënte



## 4. Entrepreneurskap:

'n Entrepreneur:

1. Identifiseer 'n besigheidsgeleentheid
2. Aanvaar die risiko van mislukking
3. Neem die inisiatief en samel die ander faktore van produksie en inligting in
4. Om hierdie faktore te kombineer in 'n produk of diens wat voldoen aan verbruikers se behoeftes en 'n wins vir die entrepreneur maak

Entrepreneurs soek voortdurend nuwe idees en metodes om:

- Produktiwiteit te verbeter
- Koste te verminder
- Winste te verhoog

Entrepreneurs is belangrik vir: ekonomiese groei
skep werk

## VERGOEDING VIR PRODUKSIEFAKTORE:

| PRODUKSIEFAKTOR: | VERGOEDING / INKOMSTE: |
|---|---|
| Natuurlike hulpbronne | Huur inkomste |
| Kapitaal | Rente inkomste of Huur inkomste |
| Arbeid | Salaris / Lone |
| Entrepreneurskap | Wins |

Doen Aktiwiteit 1 op bl. 83